



IN GESPREK MET DALENE STEENKAMP-BRITS

Alma Oosthuizen

Dalene, jy het jou professionele loopbaan begin as konsertpianiste en -begeleier en was baie suksesvol. Wanneer het jy begin om te komponeer en/of verwerkings te skryf? Weet jy, eintlik het ek al begin improviseer en komponeer toe ek nog klein was – dit was een van my gunsteling tydverdrywe om 'n digbundel op die klavierstaander te sit en dan een na die ander gedig te sing en myself te begelei. Ek kan natuurlik nie een van die melodieë onthou wat ek destyds so opgemaak het nie, of nee wag, ek jok! Ek kan een daarvan onthou, dit was nog oorspronklik op woorde van 'n gedig wat vandag as redelik rassisties beskou sou word, maar ek het so van die wysie gehou dat ek dit gereeld sommer in die kerk voor of na die eredienste gespeel het. Ek het dit jare later ook gebruik in 'n siklus op woorde van Leipoldt en nog weer jare later in hersiene gewaad op woorde van Alba Bouwer.

Jy praat van in die kerk speel. Is jy dus ook orrelis?

Alhoewel ek al van veertienjarige ouderdom as kerkorrelis opgetree het, beskou ek myself glad nie as 'n orrelis nie. Daarvoor is my liefde vir die klavier te ingebore. Maar ek het gou-gou agtergekom dat dit vir my makliker was om op die orrel te improviseer as om iemand anders se komposisies te moet sit en oefen of bladlees!

Ek weet dat jy ook sangopleiding gehad het en self pragtig sing. Benader jy jou komposisies uit 'n sanger of instrumentalis se oogpunt?

Ek het eintlik nog nooit daaraan gedink nie. Wanneer ek verwerkings vir die orrel skryf, is dit sekerlik nie uit 'n sanger se oogpunt nie, maar my komposisies vir die stem sal uiteraard uit die sanger se oogpunt wees – net soos die begeleidings wat ek daarby skryf weer uit 'n pianis se oogpunt sal wees. Ek hou nie daarvan om begeleidings te skryf net om die stemme op toonhoogte te probeer hou nie; die begeleiding moet 'n integrale deel van die komposisie wees.

Jou harmoniese progressies is ontsettend musikaal en ondersteunend teenoor die stem. Is dit iets wat intuïtief en spontaan gebeur, of werk jy dit stelselmatig uit?

Nee. Dit is iets wat ek intuïtief aanvoel. Ek is gelukkig om geseën te wees met algehele gehoor (*perfect pitch*), so ek sit nie by die klavier en werk dinge uit nie. Ek skryf met net die gedig se woorde voor my. Ek is baie lief om gedigte te lees en gewoonlik hoor ek dadelik die musiek – melodie en harmonieë – in my kop soos ek die woorde lees.

Wat het jou laat besluit om die W.E.G. Louw Passie-gedigte wat in hierdie uitgawe verskyn te toonset?

Ek het W.E.G. Louw persoonlik ontmoet – hy het gereeld na van my musiekuitvoerings in die ou Konservatorium in Stellenbosch kom luister en altyd na die konsert kom sê hoe hy dit geniet en waardeer het. Jare later het my man vir my 'n digbundel van W.E.G. Louw present gegee en ek het gereeld hierdie gedigte oor en oor gelees. Ek het toe nog glad nie besef dat ek dit eendag sou toonset nie – in daardie jare was die idee om te komponeer nog glad nie deel van my lewe nie.

Nou wanneer het dit eintlik deel geword van jou lewe, soos jy dit stel?

Dit was toe ek aangestel is as koorleidster van die Bellville Mannekoor. Ek het gou agtergekom dat as jy iets in Afrikaans wou doen, daar net eenvoudig nie musiek vir Mannekore beskikbaar was nie. Ek het toe begin om self liedjies te verwerk, en toe het ek op N.P. van Wyk Louw se "Uit

Klipwerk” afgekomp en ’n kort siklus van ses van die gediggies saamgestel. Dit het later so gewild geword dat die SAUK ’n transkripsie-opname daarvan met die Bosch Troebadoers gemaak het.

Toe ons ’n paar jaar later na George verhuis het, het ek die George Mannekoor gestig en gereeld vir hulle musiek geskryf. Ek het ook baie opdragwerk van kleiner groepe soos die Bosch Troebadoers, die Boschensangers, 12 Good Men, die Bult se Boys ens. gekry. So die komposisie-afdeling van my loopbaan het eintlik maar uit nood ontstaan!

Terug na W.E.G. Louw ...

O ja! Weet jy, kleintyd al het dit my gepla dat daar altyd so ’n groot ophef van Kersfees gemaak word met Kersuitvoerings en Kersliedjies wat van die begin van Desember in die kerke gesing word en dat Paasfees eintlik ongesiens en sonder impak by die meerderheid verbygaan. Dit was net ’n langnaweek om iewers heen te gaan of niks te doen. Ook as orrelis het ek jaarliks self ’n Kersuitvoering met my kerkkoor en voorlesers gehou. Een jaar het ek besluit om op dieselfde manier ’n Paasuitvoering te hou – eers net met my kerkkoor tydens ’n erediens met Skriflesings tussen die liedere, later met ’n kleiner sanggroepie op die konsertverhoog, en nog later met my Mannekoor. En hiervoor het ek die oortuiging van my gemoed gehad om gedigte, o.a. die Paasfeesgedigte van W.E.G. Louw, in plaas van die gewone Skrifgedeeltes te gebruik. En so het die idee by my posgevat dat ek dit nog eendag sou toonset. Ek het net nie geweet wanneer nie. Dit was as’t ware op my “bucket list”.

Jy was vir langer as 30 jaar betrokke by Mannekore en het die wonderlikste musiek vir mannekore geskryf, maar uiteindelik het jy hierdie gedigte vir gemengde koor geskryf?

Weet jy, ek kon dit nooit “hoor” vir net mansstemme nie. Die woorde en die boodskap was vir my te belangrik om dit net vir ’n sekere groep stemme te skryf. Dit is eers nadat die Bel Cantokoor van George tot stand gekom het, dat die moontlikheid ’n werklikheid geword het. Ek was eers net van plan om een of twee van die gedigte te toonset, maar toe ek eers begin het, kon ek nie ophou voordat al ses gedigte in musiek omskep was nie. En, nog die wonderlikste van alles, het ek toevallig nadat ek die musiek klaar geskryf het, ontdek dat vanjaar die honderdste gedenjaar van W.E.G. Louw se geboorte is! So dit is ’n dubbele bonus dat hierdie werk nog hierdie jaar bekendgestel word.

Waarom identifiseer jy so sterk met die lydenstydperk?

Ek dink so dikwels dat dit vir ons makliker is om met “hindsight” te glo in die verlossing en die offer wat Christus moes bring. Maar hoe maklik of moeilik moes dit gewees het om in daardie jare tydens Christus se lewe op aarde die boodskap te besef en te glo? En hoeveel van sy tydgenote het werklik besef wat aan die gebeur was? Ek kan my goed voorstel hoe verward hulle moes gevoel het toe Hy, teen al hul verwagtinge in, uiteindelik aan die kruis vasgespyker word. Hulle kon onmoontlik besef het wat aan die gebeur was – hulle het nie, soos ons vandag, geweet of eens aan die moontlikheid gedink dat Hy weer uit die dood sou opstaan nie. Vir my is die ergste dat Hy moes geweet het dat Hy enige oomblik van die kruis kon afkom as Hy wou, maar dat dit nodig was dat Hy daar bly. En die besef dat Hy verkies het om so te ly vir my. Ek dink selfs vandag nog besef mense nie hoe erg dit moes gewees het nie. Vir my is elke Paasfeesuitvoering ’n persoonlike wroeging.

Jou frasering laat my dink aan die simmetrie van die Romantiese tydperk, maar die toonsettings van hierdie gedigte is ietwat anders as enige iets wat jy vantevore gedoen het.

Ja dit was nogal ’n groot uitdaging. Alhoewel ek die gedigte so goed geken het, is die strekking van die woorde en die bou van die sinsnedes so kompleks, dat mens dit nie net in ’n eenvoudige ritmiese patroon kon plaas nie. Ek het probeer om die betekenis van die woorde in die musiek te illustreer. Dit is dus nie “mooi” musiek nie, maar partymaal hard en lelik na gelang van die gebeure wat weergegee word. Die idee is ook om rubato na goedgevoel te gebruik by die uitvoering van die musiek, sodat elke frase so gesing kan word in die natuurlike ritme van die woorde wanneer ’n mens dit gewoonweg sou sê.

Met ander woorde, dit is 'n persoonlike interpretasie van hoe jy die woorde verstaan.

Ja. Daar is gedeeltes wat eintlik sonder tyd of toonsoort moes geskryf gewees het, maar om sin te maak, moet mens tog iets aandui vir die uitvoerder wat dit moet aanleer. Maar ek het werklik persoonlik betrokke geraak by elke lied. Ek het gehuil toe ek die gedeelte waar Judas vir Jesus verrai, geskryf het. By elke gedig sien ek die gebeure voor my afspeel en ek het probeer om dit so in die musiek weer te gee.

Is musiek vir jou oor die algemeen visueel van aard?

Ja, nogal. Ek hoor bv. nie musiek as ek die natuurskoon aanskou nie, maar by die aanhoor van musiek het ek gewoonlik 'n beeld in my gedagte.

Ek weet jy stel ook baie belang in die teater en was selfs by produksies in die Nico Malan (nou die ArtsCape) betrokke. Is jy ook kreatief in daardie opsig?

Ja, ek stel baie belang in verhoogproduksies van enige aard. Ek het al met die goedkeuring van Jan Schutte “Die Du Plooy van Soetmelksvlei” (wat destyds op radio uitgesaai is) vir die verhoog verwerk en opgevoer en ek het ook die kort opera “Amahl and the Night Visitors” opgevoer. Selfs die Kers- en Paasfeesuitvoerings wat ek uitwerk, is baie teatraal.

Jy sou nie graag jou eie opera wou skryf nie?

Um, ek dink nie so nie. Dit klink na werk ...

Maar jy het tog al self ook gedigte geskryf?

Ja, ek het, maar dis onder 'n skuilnaam wat ek beslis nie hier gaan verklap nie!

Ek weet jy het al herhaaldelik die ATKV se Applous Komposisie Kompetisie gewen. Het jy al enige ander toekennings ontvang?

Ek het 'n oorkonde van die Stadsraad van George, 'n Afrikoon-toekenning van die ATKV asook 'n oorkonde van die FAK ontvang – almal vir my bydraes tot die Afrikaanse koormusiek.

Wat sal jy as jou grootste prestasie beskou?

My drie pragtige kinders.

Hoe was jy in staat om al jou talente uit te leef terwyl jy ook vrou en ma moes wees?

Dwarsdeur my lewe is ek nog altyd bewus van God se hand wat my in sekere rigtings gestuur het – dis soos 'n goue draad wat deur my lewe loop met kanse en geleenthede wat oor my pad kom en soos 'n legkaart in mekaar steek. Somtyds was dit moeilik en daar was verseker baie offerings ook, maar ons as gesin het mekaar nog altyd ondersteun in enige iets wat een van ons wou aanpak. Ek sou nie geleentheid gehad het om helfte van hierdie dinge te doen as ek nie getroud was en 'n gesin gehad het nie. Ek was dus redelik vry om myself uit te leef en ek besef dat ek 'n baie geseënde mens is. Ek is ook 'n baie dankbare mens.

En is daar nog “bucket list”-projekte in die pyplyn?

Nee, nogal nie! Ek sal eers 'n nuwe lys moet saamstel. Maar die volgende lekkerte wat voorlê, is die uitvoering deur die Bel Canto koor van 'n spesiale Paasfeesaanbieding (wat die W.E.G. Louw-liedere insluit) by die Woordfees in Stellenbosch in 2014. Daarna sal ek maar sien waarheen die goue draad my lei ...

AVONDMAAL

Woorde: W.E.G.Louw
Musiek : D. Brits

♩ = 48

Daar was 'n stil te in die op-per - saal toe Hy met sterk, ver-he - we hand Hom draai en sê: "Die

p

Daar was 'n stil - te in die op-per - saal toe Hy met sterk, ver-he - we hand Hom draai en sê: "Die

mp

mf

man wat My van - nag ver-raai, sit saam met My aan hier- die maal..."

mf

man wat My van - nag ver-raai, sit saam met My aan hier - die maal..."

f

man wat My van - nag ver - raai, sit saam met My aan hier - die maal..."

f

In

Stringendo

twy - fel het hul daar - die woord her
In
twy - fel het hul daar - die woord her - haal,
In
twy - fel het hul daar - die woord her
In
twy - fel het hul daar - die woord her - haal

twy - fel het hul daar - die woord her - haal
f Allargando
- haal en wis nie dat hul voor die ha - ne - kraai - soos
- haal en wis nie dat hul voor die ha - ne - kraai soos
- haal en wis nie dat hul voor die ha - ne - kraai soos
- haal soos bla - re van 'n boom van Hom sou
bla - re van 'n boom van Hom sou
bla - re van 'n boom van Hom sou
- haal soos bla - re van 'n boom van Hom sou

-
 met *mf* gooi
 wyn - wat - dar - tel - was en von - kel -
 rooi;
 maar, hoog ge - hou, was in geen
 maar, hoog ge - hou, was in geen
 rooi, *f* hoog ge - hou, was in geen
 rooi, *f*

hand voor
 heen so rooi die *mp* wyn, of aard - se
 so
 hand voor
 heen so rooi die *mp* wyn, of aard - se
 so
 hand voor
 heen so rooi die *mp* wyn, of aard - se
 so
 rein!
 rein!
 rein!
 rein!

GETSEMANE

Woorde: W.E.G.Louw
Musiek : D. Brits

♩ = 56

The first system of the musical score consists of three staves. The top staff is in treble clef with a key signature of two flats (B-flat and E-flat) and a 3/2 time signature. It begins with a piano (*p*) dynamic and contains the lyrics: "Die nag lê wit oor daar - die stil - le tuin en to - rings van Je - su - sa - lem". The middle staff is in treble clef with the same key signature and time signature, containing the lyrics: "Die nag lê wit oor daar - die stil - le tuin en to - rings van Je - ru - sa - lem". The bottom staff is in bass clef with the same key signature and time signature, containing the lyrics: "Die nag lê wit oor daar - die stil - le tuin en to - rings van Je - ru - sa - lem". The system concludes with a mezzo-forte (*mf*) dynamic and the word "Maar".

The second system of the musical score consists of three staves. The top staff is in treble clef with a key signature of two flats (B-flat and E-flat) and a 3/2 time signature. It begins with a mezzo-forte (*mf*) dynamic and contains the lyrics: "wre - der as die maan oor krans en kruin was in die slaap hul o - ë loom en". The middle staff is in treble clef with the same key signature and time signature, containing the lyrics: "wre - der as die maan oor krans en kruin was in die slaap hul o - ë loom en". The bottom staff is in bass clef with the same key signature and time signature, containing the lyrics: "wre - der as die maan oor krans en kruin was in die slaap hul o - ë loom en". The system concludes with a mezzo-forte (*mf*) dynamic and the word "Maar".

Al - leen het Hy ge - weet dat Hy ver - la - te
 swaar. *p* Al - leen het Hy ge - kniel... Hy het ge - weet dat Hy ver - la - te
 swaar. *p* Al - leen het Hy ge - kniel... Hy het ge - weet dat Hy ver - la - te
 swaar. *p* Al - leen het Hy ge - kniel... Hy het ge - weet dat Hy ver - la - te

was, *mf* van hand en voet en aan - ge - sig het in die stof sy sweet van Hom ge - val soos
 was, *mf* van hand en voet en aan - ge - sig het in die stof sy sweet van Hom ge - val soos
 was, *mf* van hand en voet en aan - ge - sig het in die stof sy sweet van Hom ge - val soos

swa - re drup - pel - blood - Waak een uur saam met My"

mf

Hy het ver - laas in dood - be - nou - e - nis voor - daar - die lot as mens tot mens ge - roep en was ver -

f

Hy het ver - laas in dood - be - nou - e - nis voor - daar - die lot as mens tot mens ge - roep en was ver -

f

Hy het ver - laas in dood - be - nou - e - nis voor - daar - die lot as mens tot mens ge - roep en was ver -

f

baas: want on - af - wend - baar was die wil van God: swart val reeds oor die

baas: want on - af - wend - baar was die wil van God: swart val reeds oor die

baas, want on - af - wend - baar was die wil van God: swart val reeds oor die

vaal en gruis *mf* die ska - du - wee van skan - de - paal en kruis

vaal en gruis *mf* die ska - du - wee van skan - de - paal en kruis

vaal en gruis *mf* die ska - du - wee van skan - de - paal en kruis

DIE VERRAAD

Woorde: W.E.G.Louw
Musiek : D. Brits

$\text{♩} = 60$

The musical score is written for four staves: two vocal staves (Soprano and Alto) and two piano accompaniment staves (Right and Left Hand). The key signature is one sharp (F#) and the time signature is 4/4. The tempo is marked as quarter note = 60. The lyrics are in Afrikaans. The score is divided into two systems. The first system contains the first two lines of the song, and the second system contains the next two lines. Dynamics include *mf* (mezzo-forte) and *f* (forte). The lyrics are: 'Van daar-die aar-de-het-Hy-op-ge-staan en was weer sterk' and 'Hy wis die uur was daar, soos die'. The second system contains: 'skrif en die pro-fë-te o-pen-baar, dat Hy die vreem-de' and 'skrif en die pro-fë-te o-pen-baar, duis-ter weg sou gaan.' The piano accompaniment features a steady rhythmic pattern in the right hand and a more active bass line in the left hand.

Van daar-die aar-de-het-Hy-op-ge-staan en was weer sterk

Hy wis die uur was daar, soos die

skrif en die pro-fë-te o-pen-baar, dat Hy die vreem-de

skrif en die pro-fë-te o-pen-baar, duis-ter weg sou gaan.

p Deur wit stil - tes van die vol - le maan *mf* het van die stad se
p Deur wit stil - tes van die vol - le maan *mf* het van die stad se
p Deur sit stil - tes van die vol - le maan *mf* het van die stad se

poort die don - ker skaar *f* met fak - kels, swaar de, en stok - ke in groot mis -
 poort die don - ker skaar *f* met fak - kels, swaar de en stok - ke in groot mis -
 poort die don - ker skaar *f* met fak - kels, swaar de en stok - ke in groot mis -

stringendo

baar die pad na die O - - lyf - berg in - ge - slaan.

baar die pad na die O - - lyf - berg in - ge - slaan.

baar die pad na die O - - lyf - berg in - ge - slaan. **ff** In

haas, o vuur van der - tig sil - wer -

lin - ge wat in die bui - del brand, gaan Ju - das voor om daar - die voor - be - stem - de daad te

Ritardando *mf* Tempo Primo Lento *pp*

met han - de sidd - rend bleek om - vat in rin - ge en groet so

met han - de sidd - rend bleek om - vat in rin - ge en groet so

doen: *pp* en groet so

sag dat Hy dit skaars kon hoor, hy Hom vlug - tig op die wang ge - soen

sag dat Hy dit skaars kon hoor, hy Hom vlug - tig op die wang ge - soen

sag dat Hy dit skaars kon hoor, hy Hom vlug - tig op die wang ge - soen

DIE KRUISIGING

Woorde: W.E.G.Louw
Musiek: D. Brits

♩ = 60

Met rooi, ge-won-de, voc-te, en die, pyn, van do-rings wat sy hoof in

Doem Doem Doem Doem
Hierdie basgedeelte mag deur klavier- of orrelbegeleiding vervang word

spot om - sluit, het, Ily, ge - laaf met, mir-re, en bit-ter, wyn, teen, Goh-go-ta sy

droe - we gang ge - stuit Sol - da - te het sy kle - re uit - ge - trek en huid ge - twis oor kleed en

mf *f*

Doem doem doem doem doem doem

len - de - doek, Sy maak - te lig - gaam het hul oop - ge - vlek oor stam en balk en dit met smaad ver

ff *ff*

Doem doem doem doem doem doem

mf

seen - het - Hy
 wyd uit - ge - brei oor
 al - le lan - de
 Die vrou - e roep in

mf

seen - het - Hy
 wyd uit - ge - brei oor
 al - le lan - de
 Die vrou - e roep in

mf

seen - het - Hy
 wyd uit - ge - brei oor
 al - le lan - de
 Die vrou - e roep in

duis - ter - nis en
 treur, die
 aar - de beef, die
 tem - pel - voor - hang
 skeur

duis - ter - nis en
 treur, die
 aar - de beef, die
 tem - pel - voor - hang
 skeur

duis - ter - nis en
 treur, die
 aar - de beef, die
 tem - pel - voor - hang
 skeur

BEGRAFNIS

Woorde: W.E.G.Louw
Musiek : D. Brits

♩ = 56

SOLO

Hul het Sy lig-gaam van die ho - ë kruis met sag - te han - de in haar skoot laat

S
A
T
B

Hmnnnn
Hmnnnn
Hmnnnn

Tutti Soprani

gly, bo al - mal uit - ver - ko - re in Gods huis, wat Hom ont - vang, ge voed het en sien ly. Sy

Hmnnnn
Hmnnnn
Hmnnnn

mf Sy
mf Sy
mf Sy

le - de, klein en
 ten - ger in die
 dood, het hul - le na die

le - de, klein en
 ten - ger in die
 dood, het hul - le na die

le - de, klein en
 ten - ger in die
 dood, het hul - le na die

le - de, klein en
 ten - ger in die
 dood, het hul - le na die

graf ge - dra, waar -
 uit, o don - ker
 kluis en twee - de
 moe - der skoot,

graf ge - dra, waar -
 uit, o don - ker
 kluis en twee - de
 moe - de - skoot,

graf ge - dra, waar -
 uit, o don - ker
 kluis en twee - de
 moe - der - skoot,

graf ge - dra, waar -
 uit, o don - ker
 kluis en twee - de
 moe - der - skoot,

om - ster - fe - lik, die le - we voort sal spruit. In sui - wer lin - ne

f *p*

en met kos - baar krui - e het hul Hom toe - ge - draai Swa - re steen as skui - ling

mf

OPSTANDING

Woerde: W.E.G.Louw
Musiek: D. Brits

♩ = 88

The first system of the musical score consists of three staves. The top staff is in treble clef with a key signature of one flat (B-flat) and a 4/4 time signature. The middle staff is in treble clef with a key signature of one sharp (F#) and a 4/4 time signature. The bottom staff is in bass clef with a key signature of one sharp (F#) and a 4/4 time signature. The lyrics are: "Drie was daar da - e was daar in diep ge -". The music features a melody in the top staff and a bass line in the bottom staff. Dynamics include *mf* and *p*. There are some ties and slurs across the staves.

The second system of the musical score consists of three staves. The top staff is in treble clef with a key signature of one flat (B-flat) and a 4/4 time signature. The middle staff is in treble clef with a key signature of one sharp (F#) and a 4/4 time signature. The bottom staff is in bass clef with a key signature of one sharp (F#) and a 4/4 time signature. The lyrics are: "la - ten - heid soos in die sand - ter - nis... Al - leen in diep ge -". The music continues with the melody and bass line. Dynamics include *mf* and *p*. There are some ties and slurs across the staves.

reën, het reën, het reën, het reën, het

f al Sy sterf - lik - heid - stil - weg - ge - brand: *mf*

Die swaar en tra - c

slak - ke van die vlees on - rus, on - rus, on - rus, ver - war - ring - ge, en waan, waan, waan, dat

p *f* *f* *f*

Kopiereg : SAMIRO

ff

Hy, een met die Va - der en die -Gees, ver - heer - lik in die lig weer op kan

Hy, een met die Va - der en die Gees, ver - heer - lik in die lig weer op kan

Hy, een met die Va - der en die Gees, ver - heer - lik in die lig weer op kan

ff

staan. Die wag - te kon in daardie gloed nie kyk. Die wag - te kon in daardie gloed nie kyk. Die steen is af - ge - wen - tel deur 'n wind wat uit vier he - mel

staan. Die wag - te kon in daardie gloed nie kyk. Die steen is af - ge - wen - tel deur 'n wind wat uit vier he - mel

staan. Die wag - te kon in daardie gloed nie kyk. Die steen is af - ge - wen - tel deur 'n wind wat uit vier he - mel

- stre - ke op die aar - de sryk dat dit ver-grui-sel is tot stof en grint, en
 - stre - ke op die aar - de sryk dat dit ver-grui-sel is tot stof en grint, en
 - stre - ke op die aar - de sryk dat dit ver-grui-sel is tot stof en grint, en

uit die - pe
 soos
 uit die - pe
 soos
 uit die - pe
 soos

p
p
p

duis - ter-nis 'n vlam, *mf* staan hoog en rank en smet - te - loos die
 duis - ter-nis 'n vlam, *mf* staan hoog en rank en smet - te - loos die
 duis - ter-nis 'n vlam, *mf* staan heeg en rank en smet - te - loos die

Lam!
 Lam!
 Lam!
 Lam!
 Lam!

ff
ff
ff
ff
ff